# VoedselFees '25

**Baie, baie** dankie aan elkeen wat ons **VoedselFees** so besonders gemaak het!
Of jy nou gehelp reël het, iets gebak of gebrou het, bestanddele geskenk het, agter die tafels kom help verkoop het, of net daar was om ons te ondersteun – ons waardeer julle opreg.
Sonder julle sou dit nooit moontlik gewees het nie –
***Julle is die beste!***

## 'n Goeie Vriend

... is darem maar goud werd, of hoe? Ek is seker jy kan ook aan 'n paar mense dink sonder wie jy nie kan klaarkom nie, al sien jy hulle nie eers gereeld nie. Dawid en Jonathan was so aan mekaar verbind dat jy amper kan sê dat hulle nader aan mekaar was as broers. In Spreuke is etlike tekste daaroor en Salomo het so 'n vebintenis nogal belangrik geag.

**Spr 27 : 10** "Moenie by 'n vriend wat al jou pa se vriend was, verbygaan na jou broer se huis toe as jy moeilikheid het nie. 'n Buurman wat naby is, is meer werd as 'n broer wat vêr is." Hierdie teks sê nie dat jou broer onbelangrik is nie, dit sê bloot dat iemand naby aan jou dieselfde rol as jou broer kan speel.

**Spr 24 : 26** "Iemand wat eerlik antwoord, is 'n ware vriend." Hierdie teks is 'n toets vir ware vriendskap. Kan jy werklik jou eerlike mening vir 'n vriend gee sonder om bang te wees dat die vriendskap skade sal lei, en daarmee saam, kan jy dit hanteer as 'n vriend jou tereg wys as jy fouteer het? Ek sukkel nogal hiermee, maar hierdie teks maak dit duidelik dat vriende openlik en reguit met mekaar moet kan wees.

**Spr 18 : 24** "Maats kan jou breek, maar daar kan 'n vriend wees wat nader is as 'n broer." My ma het altyd teen verkeerde maats gewaarsku, maar hierdie teks praat van onderskeidingsvermoë .

**Spr 27 : 17** "Yster slyp yster, vriende vorm mekaar." Sjoe, hierdie is 'n kosbare teks en sê so verskriklik baie 'n hierdie paar woorde. Hoef dit verduidelik te word?

**Spr 27 : 6** "Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken, iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene." Hierdie teks vul die een hierbo oor eerlikheid onder vriende mooi aan. Dit kom ook daarop neer dat ware vriendskap gepaard sal gaan met opbouende konflik.

***Vriende is kosbaar, pas daardie verhoudinge mooi op.***

Geleen: Willem Botha, www.heuning.co.za

**Liewe Lourensrivier Gemeente**

Ons by **Harris Huis** wil graag ons opregte dank uitspreek aan julle sowel as ***tannie Appels Maritz*** vir die heerlike poeding wat julle op Lentedag aan ons geskenk het. Julle liefde en vrygewigheid het nie net ons dag opgevrolik nie, maar ook ons harte gevul met warmte en waardering.

Dit is wonderlik om te weet dat daar steeds sulke mooi gebare van omgee in ons gemeenskap bestaan. Ons waardeer julle bydrae regtig baie.

Baie dankie dat julle ons Lentedag so spesiaal gemaak het.

Met waardering en vriendelike groete,

Kristof Welthagen
Harris House - Facility Manager
Tel: 021 854 6131
Email: harrishouse@mentalhealth.org.za
Website: www.mentalhealth.org.za







## Wie is Haris House?

Harris Huis, 'n tehuis met 42 inwoners in Strand is deel van Community Mental Health and Psychiatry (CMHP), 'n nie-winsgewende organisasie wat reeds vir dekades verblyf en sorg aan meer as 300 volwassenes bied wat met geestesgesondheidsuitdagings leef in die Wes-Kaap. Harris huis bied nie net verblyf nie, maar ook liefdevolle ondersteuning en versorging, en die personeel werk daagliks daaraan om die inwoners die geleentheid te gee om te groei en met hoop vorentoe te kyk.

***Harris Huis – 'n plek waar Christus se liefde prakties sigbaar is.***

